Oordenking
6 Januarie 2010.

Ons sal die Here dien, want Hy is ons God!

As ‘n gesin wat moet kies hoe getrou ons die Here hierdie jaar gaan dien, word ons herinner aan die woorde in Josua 24: 14 – 18. "*Betoon dan nou eerbied aan die Here en dien Hom met opregtheid en met trou. Sien af van die gode wat julle voorvaders… gedien het, en dien die Here. Of, as julle dit nie goedvind om die Here te dien nie, kies dan vandag wie julle wil dien: die gode wat julle voorvaders gedien het… of die gode… in wie se land julle woon.*
Wat my en my familie betref, ons sal die Here dien."
Die volk het geantwoord: "… ***Ook ons sal die Here dien. Hy is ons God.***"

Babas en kleuters leer veral deur dit wat hulle rondom hulle sien en hoor, na te maak. Dis hoe hulle leer praat, glimlag, loop en om in te pas by die gedrag en gewoontes van die gesin waarin hulle gebore is. Ouerskap is van kritiese belang. Ons kinders word wat ons hulle wys deur ons voorbeeld. As ons kies om die Here getrou te dien, dan maak ons dit vir ons kinders prakties moontlik om by God uit te kom. As ons voorbeeld is dat ander dinge voorkeur bo die Here ontvang, sal hulle dit ook so in hulle lewens uitleef.

Kom ons wees getrou en bring ons kinders elke Sondag kerk toe, kinderkerk toe en tienerkerk toe. Hulle mis so baie as ons dit nie doen nie.
Sê vandag die woorde van Josua 24 hardop: **Wat my en my familie betref, ons sal die Here dien!**

‘n Nuwe begin in 20*tien*.
In hierdie jaar van ons Here, 2010, word nuwe en unieke opwindende geleenthede aan ons gemeente gebied. Ons kry die geleentheid om weer ‘n keer nuut en voor te begin. Wat gaan ons met hierdie nuwe kanse in beide ons persoonlike lewe en ons gemeentelike lewe maak en veral, wat verwag die Here van ons om vir Hom te doen in omstandighede waar die CPK se bediening uitgedaag gaan word deur baie behoeftes van baie mense?

Mag ek voorstel dat ons almal eers biddend oorweeg watter nuwe begin in ons persoonlike lewens gepas en noodsaaklik is en dat dit dan vir ons makliker sal wees om ook die gemeentelike uitdagings verstandig aan te pak.

Kom ons oorweeg die inhoud van ‘n nuwe persoonlike begin in:
- ons verhouding met God, sy Seun en sy kragtige Heilige Gees
- ons verhouding met die CPK en die uitlewing van ons kerklike lewe
- ons huwelik en gesinsverhoudinge
- ons werk en ons ontspanning
- ons groei as mense en veral ons groei as Christene en gelowiges.

Mag ons keuses wys wees en ons voornemens in ooreenstemming met die Woord van God. Dan, as ons as gelowiges en as kinders van God weet wat Hy van ons verwag, sal ons die seën van die Here in hierdie nuwe jaar kan verwag. Sê weer die woorde van Josua 24 hardop: **Wat my en my familie betref, ons sal die Here dien!**

Baie dankie vir samewerking in diens van die Goeie Nuus van die Here gedurende 2009. Dankie vir talle gebede en tonne liefde wat ervaar is – vir soveel omgee en toewyding by die meeste CPK-aners. Mag die Here hierdie positiewe gesindhede vermenigvuldig in 2010 en ons steeds met baie liefde en genade seën!